**Die tabernakel versus die tempel deur Salomo gebou**

**2 Sam 7:1-17, 1 Kon 6-9, Jer 7:1-15, 2 Kron 36:17-21**

**28 Julie 2024**

1. Vantevore: Die tabernakel is uitbeelding van die Here se verlossingsproses. Die tuin van Eden was die eerste tempel, met beduidende verskille van die tabernakel. Die tabernakel was essensieel as die Here in die midde van die volk wil woon: Hy is heilig en hulle nie – die tabernakel demonstreer hoe die volk by heiligheid en by die Here kan kom.
2. Dawid wil vir die Here ʻn huis bou (2 Sam 7:1-17)
    a. Dawid wil huis vir die Here bou, maar die Here het dit nooit gevra nie (v5-7)
    b. Die Here sal vir Dawid ʻn huis bou (v11b)
        - Dit verwys na ʻn koningshuis/dinastie vir Dawid – loop uit op Jesus as Opperkoning (Dawidverbond)
        - NT: Joh 2:19-22 – Jesus is die Tempel. Ef 2:19-22 – Jesus is die hoeksteen, apostels/profete is die fondament, gelowiges is die gebou van die tempel. Die huis verwys dus ook na Jesus en gelowiges as tempel
    c. Die Here verwag steeds gehoorsaamheid van Dawid se nakomeling (v14) – soos in Eden, soos by Sinai
    d. Dawid kon nie tempel bou nie weens al die oorloë wat hy gevoer het (1 Kon 5:3) – soos Jesus oorlog gevoer het teen duiwel, en Sy Nakomeling, die Heilige Gees, die tempel van gelowiges bou
3. Salomo bou die tempel (1 Kon 6-9)
    a. 480 jaar na die uittog (1 Kon 6:1) op Moria (2 Kron 3:1)
    b. Tempel van Salomo was indrukwekkend (1 Kon 6-7, 1 Kron 22:5, 2 Kron 4:7-8)
    c. Inwyding van die tempel was glansryk (vgl 1 Kon 8:65, 10)
    d. Die Here eis steeds gehoorsaamheid: tydens die bou van die tempel (1 Kon 6:12), na die inwyding van die tempel (1 Kon 9:1-9)
    e. Tempel vs tabernakel:
        - Vordering: tempel is vaste gebou, meer indrukwekkend as tabernakel
    f. Besorgdheid by die Here? Hy het nie tempel beveel nie, Hy het nie die detail gegee nie, Hy eis voortdurend gehoorsaamheid – gaan die tempel die volk se aandag aflei?
4. Jeremia waarsku die volk oor die tempel (Jer 7:1-15)
    a. Ongeveer 400 jaar na die bou van die tempel
    b. Boodskap van Here deur Jeremia (v3-4):
        - Volk se doen en late is nie goed nie - ongehoorsaam
        - Misplaaste vertroue op die fisiese tempel
    c. Die Here gaan iets soortgelyks doen as by Silo (v12-15) – Filistyne het die verbondsark afgeneem, nou gaan die Here die tempel wegneem
    d. Jeremia mag nie eens vir volk pleit nie (v16) – anders as Moses tydens goue kalf insident
5. Die tempel word vernietig (2 Kron 36:17-21)
    a. Die volk word gedood en gaan in ballingskap, tempel word vernietig
6. Implikasies vir ons
    a. Die Here verwag steeds gehoorsaamheid
    b. Maak seker ons het nie misplaaste vertroue nie: lidmaatskap, sakramente, geloof
    c. Kan seker wees as ons vordering in heiligmaking sien (Heb 12:14 – <u>streef</u> na heiligmaking, 1 Joh 3:6 – moet nie <u>aanhou</u> sondig nie)

d.